


MARLEE VAN DER MERWE PAUL DU TOIT ELIZE CAWOOD ROUËL BEUKES SONJA HERHOLDT
PORTEUS XANDAU SYLVAIN STRIKE KURT DARREN ANNA DAVEL KEVIN LEO



LIEFLING

die Movie

met Lika Berning en Bobby van Jaarsveld

'n Musiekfiek vir die hele gesin, met 24 Afrikaanse Liedjies

HARTWOOD FILMS presents a Paul Kruger Film Starring LIKA BERNING, BOBBY VAN JAARSVELD, MARLEE VAN DER MERWE, SONJA HERHOLDT, ELIZE CAWOOD, ROUËL BEUKES, KURT DARREN, SYLVAIN STRIKE, PORTEUS XANDAU, ANNA DAVEL, KEVIN LEO, CLEMENTINE MOSMANE and PAUL DU TOIT "LIEFLING DIE MOVIE" Executive Producer EMMA KRÜGER and PAUL KRÜGER Producers PAUL KRÜGER and LINDA KORSTEN Director BRIAN WEBBER Assistant Director ERIC HOLM Editor ANEL STOLP Online Editor SCHALK VAN DER MERWE Director of Photography PAUL KRÜGER Musical Director JONAH MEYSTER Choreographer RAYMOND THEART Screenplay ANEL STOLP BRIAN WEBBER CHRISTA VAN DER WALT ERIC HOLM, LINDA KORSTEN, PAUL KRÜGER, SCHALK VAN DER MERWE Production Design NOLKE HOLM Costume Design NERINE PIENAR Graphic Artist ANNEMARIE BURGER



INLEIDING

Die oorspronklike konsep van 'Liefling die Movie' is geformuleer deur Paul Kruger in 2008. Voorproduksie het in 2009 begin en die rolprent sal hierdie somer op 19 November in Suid Afrika vrygestel word.

Dit is n eerste vir Suid Afrika op verskeie gebiede. Die eerste Afrikaanse musiekblyspel wat in 30 jaar op die groot skerm vertoon sal word. Die room van Suid Afrikaanse produksie spanne, kunstenaars en akteurs is betrek. Die film is binne drie maande in en om Hartbeespoortdam in Noordwes geskiet.

Die film is vervaardig onder die vaandel van Hartiwood Films met Paul Kruger as die leier en fotografiese regisseur van die Liefling-span.

24 Afrikaanse liedjies is verwerk deur Johan Heystek en die choreograaf is Raymond Theart. Brian Webber is die regisseur van die opwindende dans en sangervaring in 'Liefling, die Movie'

LIGGING

Liefling, die Movie is hoofsaaklik in die dorpie Hartbeespoort in die Noordwes Provinsie geskiet. Die dorp is om die Hartbeespoortdam gebou. Dit is geleë suid van die Magaliesberge en noord van die Witwatersberge, ongeveer 35km wes van Pretoria.

Die panoramiese uitsig en bergagtige ligging het meegebring dat Hartbeespoort n gewilde uitspanplek vir stedelinge geword het. Dit bied n verskeidenheid van water- en lugsport aan besoekers, spog ook met n akwarium, private dieretuin, slangpark, en kabelspoor. Die pragtige natuurskoon is n perfekte agtergrond vir rolprent.

LIEFLING – DIE LIEDJIE - LIRIEKE

Jy weet dat ek nie sonder jou kan bestaan nie
Jy weet dat jy ook nie alleen kan bestaan nie
Dit weet jy goed

Koor

Liefeling kan ons nie maar vergeet en vergewe
Liefeling ek kan nie sonder jou verder lewe
Dit weet jy goed
Jy weet dat ou herhinnerings nooit vergaan nie
Jy weet dat niemand ooit in jou plek kan staan nie
Dit weet jy goed

Koor

Nou's die tyd moenie wag
Want ek verlang elke dag
Hier is my hart neem dit nou
Want ek verlang elke dag
Hier is my hart neem dit nou
Hier is my hart net vir jou
Jy weet dat ek nie sonder jou kan bestaan nie
Jy weet dat jy ook nie alleen kan bestaan nie
Dit weet jy goed

Koor

Liefeling jy weet

- Hein Toerien

SINOPSIS

LIEFLING – DIE STORIE

Soos die titel, 'Liefeling,' reeds verklap, is hierdie 'n liefdesverhaal wat vertel word, deur gebruik te maak van bekende en geliefde Afrikaanse musiek van so ver terug as die 70's tot nou! Die storie is ontleen aan die immergroen treffer van Gé Korsten - 'Liefeling'.

Hierdie 'musiekfiek' draai hoofsaaklik om die lewe van Liefeling Marais, 'n meisie met 'n passie vir die lewe en 'n neus vir avontuur! Liefeling bly op 'n plaas saam met pa Simon, ma Linda, broer Kobus, oupa Karel en huishoudster en vertroueling, Katy. Pa Simon is 'n professor aan die universiteit en in sy klas ontmoet ons die drie trawante en boesemvriende – Jan, Pieter en Gert. Die seuns is ook Hartbeespoorters en Jan bly by sy Ouma, Elsa Ferreira.

Die storie skop af in 'n Desember vakansie. Rykmansdogter, Melanie von Staden, het haar oog ferm gerig op die aantreklike Jan Ferreira wat weer sy oog op Liefeling het. Die noodlot bring verliefdes, vriende, en sogenaamde vyande onverwags bymekaar. Hierdie is 'n liefdesverhaal vol tranes en lag, musiek en dans.

VRAE EN ANTWOORDE

PAUL KRUGER (Vervaardiger / Fotografiese Regisseur)

Hoe het jy betrokke geraak by die projek?

'Liefeling die Movie' is, die eerste vollengte film is wat ek vervaardig het.

Dit was 'n ongelooflike reis van amper twee jaar. Nog nooit het ek so baie geleer nie en ek glo dat dié ondervinding gaan bydra tot 'n film waarop Suid Afrika trots sal wees.

In Desember 2008 was ek en Christa van der Walt oppad Bloemfontein toe, toe ek die eerste keer *Mamma Mia* se klankbaan gehoor het. Ek het op daardie stadium nog nie eers geweet van die film nie. Ek was mal daarvoor, ek het toe vir Christa gevra: "Wanneer laas het jy 'n Afrikaanse musiekblyspel op die groot skerm gesien?" Sy was verstom, want in haar lewe was daar nog nie een nie ... en net daar het ons twee beseft dat dit ONS fliek gaan wees... 'n AFRIKAANSE MUSIEKFLIEK!!

Navorsing het dadelik begin en ons het toe tot die gevolgtrekking gekom dat die laaste Afrikaanse musiekblyspel in 1980 gemaak is... dit was 30 jaar gelede! Vir so 'n mooi taal en met Afrikaanse musiek wat so gewild is, het ons beseft dat daar 'n groot leemte in die mark is en dat ons die potensiaal het om dit te vul.

Wat het 'n mens nodig om 'n goeie Afrikaanse musiekrolprent te maak?

Dit is belangrik om n goeie span bymekaar te kry, mense wat kan gee en neem, aanpasbaar is en saam kan werk. Goeie beplanning en voorbereiding is van die grootste belang om 'n film te maak.

Linda Korsten (Vervaardiger) se ondervinding oor baie jare maak van haar 'n perfeksionis wanneer dit by beplanning kom. Dit is hier waar 70% van die film se sukses bepaal word.

Brian Webber (Regisseur) - Met sy besondere ondervinding in beide teater en TV wat oor vele jare strek, kon ons nie vir n beter regisseur gevra het nie. Sy kennis en begrip van toneelspel en sy bydrae tot die algehele gevoel en voorkoms van die film was van onskatbare waarde.

Johan Heystek (Musiekregisseur) se kennis van musiek het my met elke sessie verbaas. Net die ervaring van hoe hy van een noot na 'n hele orkes kan verwissel, was 'n belewenis op sy eie

Jy kan nie aan n musiekblyspel dink sonder sang en dans nie. Dit is hier waar die musiek in aksie omskep word. **Raymond Theart** was verantwoordelik vir die choreografie. Sy span professionele dansers het my oë laat rek.

Nike Holm (Artistieke ontwerp) se kreatiwiteit was ongelooflik! 'n Goeie artistieke ontwerper is iemand wat 'n film na 'n hoër vlak kan ophef. Met Nike se verbeeldingsvermoë is die film na 'n internasionale vlak gevoer. Sy is voorwaar nie verniet ons towenaar genoem nie.

Anel Stolp (Redigeerder) se bydrae was van onskatbare belang, nie net as redigeerder nie, maar ook haar bydrae tot die skryf van die teks en kontinuïteit.

Erik Holm (Assistent-regisseur) was almal se regterhand op een of ander stadium gedurende die vervaardiging . Met sy fyn oog vir detail het hy bygedra tot die sukses van die film vanaf die skryf van die teks, regdeur tot by redigering.

Die maak van hierdie film was 'n 'eerste' vir die hele span en ek dink om hierdie rede was almal bereid om meer as 100% te gee van die begin tot reg aan die einde.

Hoe het verfilming met die 'RED ONE' digitale kamera verloop?

Die 'Red One' is n digitale rolprentkamera wat die kwaliteit van n 35mm film bied en die gerief van suiwer digitaal. Die beeld het uitstekende kwaliteit met geen opname beperkings nie. Dit skiet suiwer teen 4,096 x 2,304 pixels wat meer as 27x die resolusie van standaard definisie met Record Raw data is. Dit verskaf omtrent onbeperkte moontlikhede tydens na-produksie.

Om met die 'Red One' te werk was n hele nuwe ervaring. Ons was baie gelukkig om die hele film daarmee te kon skiet. Ons het 'Red Pro-Primes' lense gebruik vir uitstekende beeldkwaliteit. Lig was meestal natuurlik en is net ingevul waar nodig. Ons kon hoofsaaklik met hmi's en daglig 'florescent' werk.

Vir die groot danstonele het ons twee Reds en n 10m 'jib arm' gebruik, wat hanteer is deur Johan Strydom en Sean King. Ons het besluit om vir die klein tonele die 'jib arm' in te span omdat dit maklik is om rond te skuif, maar ons nog steeds die effense beweging toegelaat het wat nodig is vir ons styl van fotografie.

Ons was onseker omtrent Red One se klankkwaliteit en het besluit om n aparte klankbaan op te neem wat post-sync gebruik kon word. Dit het toe geblyk onnodig te wees. Vier maande voordat produksie begin het, het ons die hele film op n P2 kamera geskiet met die tegniese span wat ingestaan het as "akteurs". Die proses het ons n goeie aanduiding gegee van hoe produksie sou verloop ten opsigte van die keuses wat gemaak kon word aangaande tonele, beligting, kamera-skote en tydsverloop.

LINDA KORSTEN (Mede Vervaardiger)

Wat het die konsep van die film aan jou verkoop?

Toe Paul Krüger my vertel het van sy droom – 'Liefling, die Movie', was ek eers baie skrikkerig. Ons is dan TV-mense, nie film-mense nie! Hoe gaan ons dit doen? Maar die idee het gegroei op 'n mens en toe die teks eers in plek was, was daar geen keer nie.

Watter uitdagings was daar?

Een van die grootste uitdagings in 'n musiekflied is die musiek – wat dan anders? Om die regte musiek te kry was 'n baie groot taak, maar toe Johan Heystek eers lostrek met die verwerkings, het ek geweet ons is op die regte pad. Dit was ook 'n groot en wonderlike ervaring om te sien hoe die musiek voller word met elke opname saam met die akteurs en sangers.

Dit was vir my nogal moeilik om skielik te verander en nie meer kreatief besig te wees nie, maar meer organisatories. In die verlede was ek altyd die vervaardiger wat dan ook die regie van die verskillende programme gedoen het. Nou moes ek my hoofsaaklik bepaal by die feit dat almal gelukkig gehou moes word, magies moes volkom, en alles altyd reg moes wees as die produksiespan en die akteurs op die stel kom. Ek was ook die een met die breë skouers wat probleme moes oplos. Ek moes ook een tree voor almal wees, want die sukses van 'n rolprent val baie sterk op die voorbereiding daarvan.

Met tye het ek gevoel dat dit alles net te veel word, maar soos die film aangegaan en einde se kant toe gestaan het, het ek besef dat al die swoeg en sweet die moeite werd was en dat ons nog 'n mylpaal bereik het.

Dit was 'n ongelooflike voorreg om deel te wees van 'Liefling, die Movie' en om saam met so 'n wonderlike span te werk. Dit was ook fantasties om te sien hoe die akteurs en sangers hulself voorberei het, elkeen op sy eie unieke manier.

Ek hoop 'Liefling, die Movie' gaan 'n blywende indruk maak op elke Suid Afrikaner wat die film gaan kyk.

Hoe het jule besluit op 'Liefling' as die temalied?

Nadat Paul die konsep van die film geformuleer het, was hy opsoek na geskikte Afrikaanse musiek. Gé Korsten was my pa en ek besit dus al sy musiek. Ek het dit na Paul geneem en voorgestel dat ons 'Liefling' in die film moet gebruik aangesien dit so bekend en gewild is. Paul het dadelik gesê dat dit die naam van die flied sou wees en gevolglik ook die temalied.

'Liefeling is deur die jare al deur verskeie kunstenaars opgeneem. Wat maak dit so gewild?

Gedurende die jare 70 en 80 was Gé Korsten een van Suid Afrika se mees bekende en geliefde sangers. Sy platemaatskappy, Brigadiers, het hom gevra om 'Liefeling' op te neem met n meer ritmiese verwerking as wat sy gewone styl was. Dit was oornag n treffer en is sedertdien n gewilde keuse vir kunstenaars. Dit is net een van daardie liedjies waarvoor jy nooit moeg word nie.

Wat was die proses om musiek vir die film te versamel?

Paul het begin met n verskeidenheid van 1800 liedjies. Ons het besluit om treffers van die jare 70 tot nou te gebruik. Die lirieke moes die draaiboek komplimenter en die storielyn aanvul. Ons wou ook seker maak dat die liedjies nie net vrolik of emosioneel is nie, maar n mooi balans handhaaf. Ek dink ons het die perfekte mengsel bymekaar. Daar is iets vir almal - van Sonja Heroldt se *Ek verlang na jou* tot by Bobby van Jaarsveld se *Spieëltjie* en Kurt Darren se *Kaptein*.

Wie het die verwerkings gedoen en hoe lank het dit geneem?

Johan Heystek is die musiekregisseur en het ook die verwerkings gedoen. Dit was n enorme taak. Hy moes 23 ou liedjies verwerk sodat dit kon pas by die teks en die karakters. Hy moes die choreografie op sommige van die liedjies ook in gedagte hou. Daar was dus noue samewerking tussen hom, die choreograaf, Raymond Theart en die regisseur, Brian Webber. Dit het amper n jaar geneem om die projek te voltooi en hy het dit briljant gedoen. Hy het ook al die temas musiek saamgestel en die partituur gekomponeer.

Is die musiek kontemporêr en relevant vir die gehoor van vandag?

Sommige van die liedjies sal die by jeug goed inpas en ander by die ouer garde. Volksliedjies soos *Afrikaners is plesierig* en *Jan, asb tog squeeze my* het n vinnige tempo en ritme wat goed by die jong gehoor aanklank sal vind. Die visuele beelde op die skerm dra ook daartoe by dat die musiek lewendig word. Dan is daar ook die treffers soos *Spieëltjie* en *Kaptein* wat baie gewild is onder die jeug van vandag.

Het jy enige gunsteling op die klankbaan?

My persoonlike gunsteling is *Lied van die lewe* en *Hoe ek voel*. My pa het die lirieke van *Lied van die Lewe* geskryf en dit het so n mooi melodie en baie wysheid om aan oud en jonk mee te deel. Liefeling se oupa (Rouel Beukes) sing dit vir haar. Ek kry elke keer n knop in my keel as ek daarna luister. *Hoe ek Voel* is n baie emosionele lied. Marlee van der Merwe en Paul du Toit sing dit pragtig. Die hele toneel en die lied se posisionering in die flik is perfek. Natuurlik is *Liefeling* ook n ou gunsteling van my, dis net dat die ander twee so spesiaal is.

Hoekom is die tyd juis nou reg vir n Afrikaanse musiekblyspel?

Afrikaanse musiek beleef juis nou n ongelooflike hoogtepunt. Dit kook! Daar was in jare nie n Afrikaanse musiekflik nie, intendeel, ek glo nie daar was al ooit n ware musiekblyspel met sang en dans nie. Dis tyd vir die ganse Suid Afrikaanse volk, nie net Afrikaans sprekendes nie, om so n opwindende produksie te beleef. Die groot Afrikaanse treffers (en die meer moderne songs) is gunsteling van Suid Afrikaners uit alle dele van ons samelewing en ons wil graag hê dat almal dit moet geniet en hope pret beleef.

BRIAN WEBBER (Regisseur)

Hoe maak jy n Afrikaanse musiekblyspel?

Met watter maatstaf meet mens wat 'n goeie musikale film maak? 'n Afrikaanse "musiekflik" daarby gesê? Boonop die eerste een in dertig jaar...Watter bestanddele gaan daarin? Met hoeveel inspanning roer mens die pot? Hoe lank laat mens die mengsel prut en wanneer dit opgedis word, wat is die perfekte tafel om dit op te bedien en watter blomme sal dit net reg komplimenter? Hierdie is sommige van die vrae wat ek aan myself gestel het toe ek die projek die eerste keer benader het.

Daar was bitter min raad of vernuf in Suid Afrika te vind oor die onderwerp, 'n land waarin die genre van die musiekflied ietwat van 'n raaisel is. Die mees onlangse musiekflieds hier vervaardig, was "*Sing vir die Harlekyn*" en "*Sarafina*". Nadat ek na Amerikaanse musiekflieds gekyk het,- stok oues en ook van die wat meer onlangs gemaak is - en daaruit inspirasie ontgin het, het ek my blik na binne gedraai. Ek het na die mense in my nabyheid gekyk - my familie en vriende, regte, egte Afrikaners, 'n klompie baster Rooinekke en 'n paar Joodse, Ierse en Oostenrykse pelle, wie almal 'n liefde, verwantskap en aantrekking met die Afrikaanse bewussyn koester. Wat wil hierdie mense graag sien en hoor, maar op die ou end, waarvan sal my Ma hou?

Toe ek die antwoorde op hierdie vrae gevind het, het dit my lewe baie makliker gemaak. Ek en die span het deur die magdom gewilde Afrikaanse liedjies vanaf 1910, tot en met die hede, geploeg. Nadat al die gekose liedjies gemeet, geweeg en goed gevind is, het ons 'n storielyn in en om hierdie liedjies geweef wat die storie van ons sorgelose en gelukkige hoofkarakter, Liefeling, die beste vertel het! Dit was 'n heerlike ervaring om haar sagtheid, haar helder gees en haar oorgang tussen verlief raak en uiteindelijke selfkennis en vrouwees, vas te vang.

Wat het die film vir jou n sukses gemaak?

Ek was baie bevoorreg dat ek kon staatmaak op 'n vreeslose tegniese span. Elke individu en departement het my werk soveel makliker gemaak deur die geweldige talent, inisiatief, inspirasie, energie en passie wat elkeen aan die dag gelê het. Ek respekteer en bewonder hulle almal, veral musiek-regisseur, Johan Heystek, en choreograaf, Raymond Theart. Albei het my soveel van musiek geleer!

Hoogtepunte vir jou?

Alhoewel dit uiters vreesaanjaend was in die begin, was my grootste genot om saam met 'n groot geselskap merkwaardige en unieke akteurs te werk. Dit was ongelooflik om te sien hoe hulle werk en hul alles gee onder die druk van tydsbeperkings en uiterste weerstoestande. Hulle moes uitdagende rekwisiete en kostuums hanteer, terwyl hulle terselfdertyd sing en dans asof hul lewens daarvan afhang! Hulle het hulle skitterend van hul taak gekwyt. Alhoewel dit vir my baie stresvol was aan die stuur van die skip *Liefeling, die Movie*, het ek nog nooit so baie en so lekker gelag op n stel nie! Die span het met soveel energie en dryfkrag ons eenvoudige, mooi storie vertel. Ek hoop *Liefeling* bied gehore pret, ontvlugting, betowering, nostalgie en 'n hele nuwe intrige met die Afrikaanse taal - gepraat of gesing!

ROLVERDELING

LIKA BERNING (Liefeling)

Liefeling hou van die buitelewe. Sy is n natuurkind. Sy ry 'n "bike" – een met 'n sykar. Sy's 'n kreatiewe persoon, 'n kunstenaar. Sy's uniek en weet wie sy is. Sterk, sien die wêreld deur haar eie oë. Liefeling help mense graag. Haar familie is baie belangrik vir haar. Sy het 'n aardse, natuurlike styl. Sy luister na mense en is 'n waarnemer. Energiek en spontaan. Sy bly op 'n plaas saam met pa Simon (Alwyn Swart), ma Linda (Sonja Herholdt), oupa Karel (Rouel Beukes), ouer broer Kobus (Paul du Toit) en die huishoudster Katy (Clementine Mosimane). Baie van haar vriende is die uitgeworpenes en eksentrieke van die samelewing. Sy doen deelydse werk en help almal uit. Sy het 'n oopkop.

Lika Berning is bekend vir haar rol in die TV reeks 'Known Gods' , Sy verskyn in '7de Laan', 'Binnelander's en 'Feast of the uninvited'. Sy maak ook binnekort haar verskyning in 'n internasionale film 'The Bang Bang Club'. Lika is ongelooflik opgewonde oor haar rol in 'Liefeling, die Movie'.

BOBBY VAN JAARVELD (Jan Ferreira)

Hy studeer by Tukkies - siviele ingenieurswese. Sy ouers is dood toe hy 6 was, en Ouma Elsa (Elize Cawood) het hom grootgemaak. Hy kan inpas by enige mens en is baie gewild. Hy wil homself bewys, en ook altyd sy ouma gelukkig hou. Sy vriende is 'cool' ouens en speel rugby. Hy speel kitaar, maar slegs as hy alleen is. Hy is aantreklik, maar hy weet dit nie. Hy het baie goeie maniere – hy help altyd die "underdog" en is 'n ware heer. Hy probeer konflik vermy en is 'n tipe van 'n ja - broer.

Bobby van Jaarsveld is een van SA se baie gewilde jong kunstenaars wat einde 2009 sy tweede CD met die treffer 'Spieëltjie', die lig laat sien het. Hy is ook in 2009 op die kykNET programme DKNT aangewys as die gewildste sanger van die jaar en het in 2010 die SAMA toekeninge gewen vir die beste Afrikaanse pop album. Hierdie is sy eerste rol in 'n film en hy het dit onsettend baie genie.

ELIZE CAWOOD (Elsa Ferreira)

Elsa is Jan Ferreira (Bobby van Jaarsveld) se Ouma. Aards, aantrekklike vrou, bewus van haar vroulikheid. Sy straal 'n warm sensualiteit uit. Sy's baie ferm, kom van ou geld af maar is nie snob nie. Sy's 'n goeie "sout van die aarde" mens en gee advies aan baie mense. Sy is baie soos 'n ouer Liefeling. Elsa is wys, is mal oor haar tuin en het groen vingers. Baie huislik - onafhanklik en kan uit niks iets moois maak. Sy is 'n pilaar van staal. Sy deel met die gemeenskap. Sy is wel belese en het baie gereis toe sy jonger was.

Elize Cawood is een van SA se bekendste en gewildste akteurs wat in legendariese reekse soos 'Verspeelde Lente' gespeel het asook die bekende film 'Taxi to Soweto'. Sy is ook bekend vir haar puik verhoogwerk.

ROUEL BEUKES (Karel Benade)

Oupa Karel Benade is Liefing (Lika Berning) se Oupa. Baie sagte mens, maar lyk soos 'n rowwe "Jack" - was in die weermag. Hy het 'n gehoorprobleem en dra 'n gehoorstukkies. Hy's 'n dromer en filosoof. Hy inspireer mense en het 'n wonderlike sin vir humor, ook aards en grof. Hy's baie selfstandig maar het nog nooit uit Hartbeespoort gereis nie. Hy is mal oor sy kleindogter, Liefing – sy is sy oogappel. Hy praat heeldyd oor haar. Karel Marais is lief vir visvang en was 'n swemmer toe hy jonk was. Hy het 'n motorfiets met 'n sykar gehad en het dit later vir Liefing gegee – die motorfiets het 'n geskiedenis. Hy het van ouma Elsa Ferreira (Elize Cawood) gehou as jong man, maar haar deur sy vingers laat glip.

Rouel Beukes is nie net 'n befaamde operasanger nie, maar het ook die laaste paar jaar opgetree in musiekblyspele soos "Ons vir Jou", en "Houtkruis". Wanneer hy nie optree nie, neem hy graag mense rond in ons land en neem toere oorsee.

MARLEE VAN DER MERWE (Melanie von Staden)

Sy kom uit 'n baie ryk huis, is bederf en snobisties, het baie selfvertroue en dink die wêreld skuld haar iets. Sy hanteer glad nie verwerping nie en is mal oor konflik. Alles is maar net 'n masker - dis hoe sy grootgemaak is. Sy het nog nooit waarlik gelukkig gevoel in haar ouerhuis nie, en daar is min warmte in die von Staden familie. Sy's diep eensaam en het 'n klein hartjie maar sal dit vir niemand wys nie. Sy wil net liefde hê en dis hoekom sy Jan (Bobby van Jaarsveld) soek. Sy het ook 'n sin vir humor. Sy het 'n sterk persoonlikheid maar eintlik 'n baie lae selfbeeld. Uiterlike probeer vir die innerlike opmaak. Sy is verlief op Jan en voel bedreig deur Liefing (Lika Berning). Sy en haar twee vriendinne studeer joernalistiek aan die universiteit.

Marlee van der Merwe is 'n nuweling op die silwerdoek, maar het al baie musiekblyspele op die verhoog agter haar naam. Sy het veral opspraak gemaak in 'Showboat' en 'High School Musical'

SONJA HERHOLDT (Linda Marais)

Sy is Liefing (Lika Berning) se ma. Sy is selfstanding en realisties. Sy is die ruggraat van die familie. Sy hou haar familie bymekaar met 'n sagte hand. Sy stel altyd ander voor haarself. Sy is mooi, sag en lag maklik. Sy is ook 'n waarnemer, kan iemand opsom en weet altyd wat die situasie is. Sy's stil, maar hanteer alles. Oupa Karel (Rouel Beukes) bly by hulle. Sy is altyd baie besorg oor haar seun Kobus (Paul du Toit).

Sonja Herholdt is een van SA se bekendste ikone, wat met haar liedjie 'Ek Verlang na Jou' in die 70's die land aan die brand gesing het. Sy het die hoofrol gespeel in 'Sing vir die Harlekyn', 'n Afrikaanse musiekrolprent in die 80's. Daarna het Sonja nog baie treffers gehad en bly een van SA se mees geliefde sangeresse. Haar nuutste CD, 'Pêrels', wat die lig vroeg in 2010 gesien het, belooft om nog 'n treffer te wees.

ALWYN SWART (Simon Marais)

Simon is Liefing (Lika Berning) se Pa. Simon is 'n wiskundige en gee klas by Tukkies in verskeie rigtings. Jan (Bobby van Jaarsveld) loop klas by hom. Simon is vaal en verstrooid en te slim om ordentlik te funksioneer in die samelewing. Sy vrou Linda (Sonja Herholdt) doen alles vir hom, hy is haar teddiebeer. Hy is 'n introvert en baie skaam. Alles wat hy sê kom altyd verkeerd uit – hy hap na woorde. Hy is lomp en 'n ongeluksvoël.

Alwyn Swart was die artistieke direkteur van 'n toneelgeselskap, hy het joernaalprogramme en dramas vir kinders gemaak en as regisseur van multi-kamera dramas het hy sy pad na 7de LAAN gevind, waar hy die afgelope 10 jaar werk. Ondertussen maak hy musiekvideos, gee klas, vervaardig dramas en dokkies vir die EBU, doen teater werk en is vir 4 jaar sameroeper van die KKNK se kunstekabinet. Wanneer hy die kans kry geniet hy dit om sy lyf akteur te hou.

SYLVAINÉ STRIKE (Katryn von Staden)

Katryn is Melanie (Marlee van der Merwe) se Ma. Sy is hiper behep met haar voorkoms en wil nie oud word nie. Sy is ge-botox en gesny, baie alleen en sy is op medikasie. Sy trek die duurste klere aan en is altyd besig om te poseer. Katryn is 'n ornament vir haar man en sy het onrealistiese hoë standaarde vir Melanie. Sy wil Melanie se lewe reël maar hulle is nie na aan mekaar nie. Sy is baie erg oor etiket. Sy het 'n sportmotor vir Melanie gekoop. Sy en haar man is vervreemd van mekaar.

*Sylvainé Strike is baie bekend vir haar rol as die skoolmeisie in "Suburban bliss", sy was in fliëks soos "District 9", "Gums and noses", "Hey boy" en skiet tans aan "Spud". Sy is 'n hoogsbekroonde teater - aktrise en word onthou vir haar werk in stukke soos "Black and Blue", "Shopping and f***ing", "Coupe" en "Sylvia".*

ANNA DAVEL (Anna van der Merwe)

Anna is Katryn von Staden (Sylvainé Strike) se suster. Sy is baie aards en 'n natuurlike vrou. Sy is jonger as Katryn en probeer altyd vir Katryn vertroos. Sy is nie getroud nie maar het 'n lewensmaat, John Reineke (Kurt Darren).

Anna Davel, sangeres en liedjieskrywer, wat voorheen 'n lid was van die groep Cut Glass, het 'n hele paar CD's op haar kerfstok asook haar nuutste DVD "My Storie".

KURT DARREN (John Reineke)

John is Anna van der Merwe (Anna Davel) se lewensmaat. Hy is 'n baie ryk besigheidsman en geniet die lewe. Hy hou daarvan om mense gelukkig te sien. Hy is ook mal oor die buitelewe – maar dit moet in styl gedoen word. Al het hy 'n oog vir 'n mooi vrou, is hy baie lief vir Anna.

Kurt Darren is pas aangewys as SA se gewildste Afrikaanse sanger en het baie treffers agter sy naam, soos "Loslappie", "Meisie, Meisie", "Af af af" en die die bekendste van almal, "Kaptein". Hy is ook die aanbieder van sy eie program 'Jukebox' op kykNET.

PAUL DU TOIT (Kobus Marais)

Kobus is Liefing (Lika Berning) se broer. Hy werk vir 'n maatskappy wat gebreekte ruite vervang. Hy het nie baie geluk in sy lewe nie, en kry nie groot deurbrake nie. Hy is baie lief vir die mense by die werk en het 'n oog vir 'n winskopie. Hy verval soms in donkerte, 'n goeie mens. Hy is altyd op die nippertjie van iets groot. Hy sien altyd 'n "gap" waar daar nie een is nie maar weet nie hoe om iets deur te sien nie. Hy gaan draf elke oggend, staan eerste op. Hy is lief vir voëls en is stilletjies verlief op Melanie von Staden (Marlee van der Merwe).

Paul du Toit het baie teater ondervinding agter sy naam, onder andere 'The Elephant Man', 'As you like it', 'Othello', 'King Lear' en nog vele meer. Hy is ook bekend vir sy TV rolle in 'Backstage', 'Madam and Eve', en meer onlangs in die rol van Malan Koster in MNet se 'Binnelanders'. Hy het 'n Naledi nominasie gekry vir sy rol as Frank N Furter in 'the Rocky Horror Show'.

CLEMENTINE MOSIMANE (Katy)

Katy is die Marais' se huishoudster. Kethabile beteken vreugde/geluk. Sy is baie na aan Liefing (Lika Berning), het haar as't ware help grootmaak. Katy is baie gewild, sprankelend dog ferm en streng. Sy het 'n groot stem en is bang vir niks en niemand. Almal is mal oor haar en luister vir haar. Sy's die enigste een wat kan sien as Linda (Sonja Herholdt) genoeg gehad het. Sy's vol grappe en hou van Afrikaanse idioome.

Sy skinder graag en ken almal op die dorp se geheime. Sy's baie godsdienstig. Sy het sekere gesegdes wat sy altyd herhaal. Haar man het haar mishandel, en alhoewel sy altyd kinders wou hê, het sy nie gehad nie.

Clementine Mosimane het kort na haar skooldae in die TV bedryf begin werk. Sy het baie ondervinding in poppespel en het groot bydraes gelewer tot kinderprogramme, onder andere 'Fundani Nathi', 'Snazzy Stories', 'Ketonki', 'Ha re bapaleng' en nog vele meer. Sy is ook 'n baie goeie storieverteller en het in baie dramas gespeel. Op die oomblik is sy besig met die reeks op SABC2, 'Muvhango'.

KEVIN LEO (Lucci)

Lucci is 'n Afrikaanse Italianer wat die Italiaanse restaurant, bakkery en koffiewinkel besit. Hy ry altyd op 'n fiets met mandjie voorop. Hy's 'n ekstrovert en is lief vir alles en almal. Hy dra altyd 'n hoedjie. Hy ken almal, en is soort van 'n 'mini glanspersoonlikheid in die dorp. Hy is altyd orals. Altyd in die agtergrond, en is lief daarvoor om te sing. Hy neem soms in sy restaurant die mikrofoon en begin sing.

Klassieke musiek lê na aan Kevin Leo se hart en hy is 'n meester in hierdie genre. Hy is stigter van die groep "Drie van die Beste" met homself, Dana Niehaus en Mathys Roets. Hy het ook al 'n rits CD's op die rakke.

PORTEUS XANDAU (Thinus)

Thinus is Kobus (Paul du Toit) se ou skoolvriend en hy ken vir Liefing (Lika Berning) vandat sy klein was. Hy is aantreklik en is 'n besigheidsman wat in Switserland woon en werk. Hy raak verlief op Liefing. Hy is ouer en 'n bietjie wyser as sy, hy straal sofistikasie en selfvertroue uit. Hy is sportief en redelik eensaam.

